# GEBEDSJOERNAAL 2025

## Oktober - Desember Uitgawe






Ventsislav (Koördineerder), Bulgarye

# DANKIE

**Beste Gebedsvennoot**

Gebed is nie bloot 'n geestelike dissipline nie — dit is 'n goddelike uitnodiging om saam met God deel te neem aan sy verlossingswerk op aarde. As 'n sending-gefokusde gemeenskap weet ons dat elke deurbraak, elke siel wat bereik word, en elke hart wat verander word, gewortel is in getroue en volgehoue gebed.

Kolossense 4:2 herinner ons: "Volhard in die gebed; waak daarin met danksegging." Hierdie joernaal is ontwerp om jou juis hiermee te help: om daagliks in gemeenskap met die Here te wandel, en in te tree vir die nasies, vir ons sendelinge en vir die verlorenes.

Baie dankie vir jou getroue gebede en ondersteuning. Mag hierdie joernaal jou wandel met die Here verdiep en nuwe passie aanwakker terwyl ons saam sy wil soek.

Saam in Christus,

Mark
**MWB SA Direkteur**

**KOM ONS BEGIN BID >>>**

# OKTOBER

# BOSNIË EN HERZEGOWINA



Rugsakverspreiding, Bosnië en Herzegowina

## 01-02

Ons dank God dat ons in staat was om aan die kinders wat ons ondersteun, van skool-toerusting en rugsakke te kon voorsien om hulle te help leer en floreer by die skool. Ons is dankbaar vir elke skenking.

## 03-04

Bid asseblief vir al die studente wat die nuwe akademiese jaar begin het. Bid dat God hulle sal seën terwyl hulle dit waag om groot drome te droom.

## 05-06

Bid asseblief vir 'n gesin wat ons ondersteun, waar die moeder tragies oorlede is aan 'n progressiewe vorm van kanker. Bid vir haar man en 12-jarige dogter terwyl hulle treur oor hul skielike verlies.

# OKTOBER

# BOSNIË EN HERZEGOWINA

**07-08**

Ons is so dankbaar teenoor God vir ons kollegas, vrywilligers en borge wie se tyd, moeite en vrygewigheid 'n groot verskil maak in die lewens van diegene met wie ons werk.

**09-10**

Bid asseblief vir Ivan, 'n 14-jarige seun wat ons onder-steun, wat 'n operasie aan sy kop benodig. Namate hy groei, het nuwe probleme ontstaan, en hy moet nou na Turkye gaan vir spesialisbehandeling.

**11-12**

Bid asb vir ons Operasie Kersliefde-veldtog voorbereiding. Bid vir ons personeel en vrywilligers terwyl hulle elke boks van hoop verpak, verwerk en aflewer aan diegene in nood.

**13-14**

Soos die winter naderkom, bid asb vir die gesinne wat ons ondersteun. Met die kouer weer en die opdroog van werk, is dit 'n besonder moeilike tyd. Bid asb dat God in al hul behoeftes sal voorsien.

**15-16**

Bid asb saam vir ons komende Kersfeesgeleenthede in Desember. Terwyl ons die liefde en hoop van Jesus hierdie Kersfees deel, is ons gebed dat lewens verander sal word.




David ontvang sy rugsak

# OKTOBER

# MOLDAWIË

**17-18**

Ons dank God dat ons 4 ,430 kinders van skoolbenodigdhede kon voorsien – wat hulle in staat stel om te studeer en hul drome na te jaag.

**19-20**

Hou asb aan bid vir kinders in Moldawië soos hulle deur hierdie akademiese jaar vorder. Dat hulle toegang tot skoolmateriaal sal hê, emosionele ondersteuning sal ontvang en op skool sal bly.

**21-22**

Bid asb gedurende hierdie winterperiode vir die voorsiening en beskerming van kwesbare mense, insluitend bejaardes, haweloses en gesinne wat in armoede leef.

**23-24**

Bid asb saam met ons vir die politieke landskap in Moldawië, sodat ons stabiliteit en integriteit binne die regering mag sien.

# OKTOBER

# MOLDAWIË

**"Wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning."**

Romeine 12:10

**25-26**

Ons dank God vir al ons toegewyde vrywilligers wat ons families en kinders met liefde en deernis dien.

**27-28**

Terwyl ons voorberei, bid asb dat ons Operasie Kersliefdebokse nie net in materiële behoeftes sal voorsien nie, maar ook hoop, vreugde en die liefde van Jesus sal bring aan elkeen wat 'n boks ontvang.

**29-30**

Bid asb dat ons komende gemeenskaps Kersfees-geleenthede en -aktiwiteite die kinders se lewens sal beïnvloed en hulle die ware betekenis van Kersfees sal wys.

**31**

Bid asb saam met ons vir ons Winterreddingsprojekte, terwyl ons beplan, voorberei en aankoop wat ons benodig om gesinne en bejaarde mense wat in armoede leef te seën en ondersteun.



Na skool, Oekraïne

# NOVEMBER

## OEKRAÏNE

### 01-02

Bid asb vir ons Beroepsopleidingsentrum in Sarny terwyl ons nog 'n groep studente ondersteun wat aan ons beursprogram deelneem.

### 03-04

Bid asb saam met ons vir die kinders en studente wat tans op skool of universiteit studeer. Bid ook vir hul onderwysers, terwyl hulle deur voortdurende uitdagende omstandighede navigeer.

### 05-06

Soos die oesseisoen tot 'n einde kom, bid asseblief vir gunstige toestande en dat diegene wat in landbou betrokke is, genoeg voorraad sal hê om hulle deur die winter te help.

# NOVEMBER

## OEKRAÏNE

**07-08**

Hou asb aan bid vir die gesinne wat betrokke is by ons selfvoorsiening program. Bid dat hierdie projekte suksesvol geïmplementeer sal word en sal help om die siklus vanarmoede te breek.

**09-10**

Bid ab vir 'n gesin wat ons in Sarny ondersteun wat onlangs tragies hul pa in 'n motor-ongeluk verloor het. Bid asseblief vir sy weduwee en kinders terwyl hulle treur en rou oor hul verlies.

**11-12**

Bid asb vir ons spanne en vrywilligers terwyl ons ons voorbereidings vir Operasie Kersliefde voltooi en die 7,000 bokse begin aflewer aan gesinne en bejaardes wat in armoede leef.

**13-14**

Bid asb vir ons koördineerders en vrywilligers terwyl hulle die Kersfeesgeleenthede finaliseer. Ons bid dat hierdie geleenthede hoop en herstel bring aan almal wat dit bywoon.

**15**

Met hoë nutspryse en ekonomiese onsekerheid, bid asb vir ons Winterreddingsprojekte - terwyl ons gesinne en bejaardes help om hul huise te verhit en warm te bly.





Ana, Moldawië

# MAG GOD, DIE BRON VAN HOOP, JULLE DEUR JULLE GELOOF MET ALLE VREUGDE EN VREDE VERVUL

Romeine 15:13

# NOVEMBER

# BULGARYE




**16-17**

Ons dank God vir al die borgbesoeke wat ons hierdie jaar gehad het. Ons is dankbaar vir die geleentheid om ons werk in Bulgarye te wys en getuienisse van God se goedheid en seën te deel.

**18-19**

Bid asb vir die kinders wat ons ondersteun. Baie van hulle verlaat die skool vroeg omdat onderwys nie geprioritiseer word nie. Bid dat ons werk kinders sal help om in die skool te bly en te floreer.

**20-21**

Na ons Terug-skool-toe veldtog in Augustus, bid asb saam met ons dat die kinders selfversekerd en bekwaam sal voel terwyl hulle hul onderwys voortsit.

# NOVEMBER

# BULGARYE

## 22-23

Bid asb vir 'n moeder wat ons ondersteun wie se seun onlangs met dikdermkanker gediagnoseer is. Bid asb vir haar seun se behandeling en vir vrede in hierdie tyd van groot angs.

## 24-25

Bid asb saam met ons vir dié wat werkloos is. Terwyl ons aanhou werk met hierdie gesinne en individue, bid ons dat die ondersteuning hulle sal help om finansiële stabiliteit te bereik.

## 26-27

Bid asb vir Snezhana, 'n 76-jarige vrou wat ons ondersteun. Sy ervaar tans verskeie gesondheids- en mobiliteitsprobleme. Bid vir haar, aangesien dit moeilik is om alleen te leef.

## 28-29

Ons prys en dank God vir ons borge en ondersteuners wat aanhou om finansieel te gee en in die werk wat ons doen te glo. Ons sou dit nie sonder julle kon doen nie.

## 30

Terwyl ons opbou na Kersfees, bid asseblief vir ons Christelike byeenkomste terwyl ons met kinders en gesinne deur ons programme omgaan. Ons bid vir oop harte vir die Goeie Nuus van die Evangelie.




Florin en Christina (Koördineerder), Roemenië

# DESEMBER

## ROEMENIË

**01-02**

Ons prys God vir die onlangse borgbesoeke wat ons gehad het. Dit is altyd 'n bemoedigende tyd om die werk wat ons in Roemenië doen te wys en ons borge te help om ons bediening in aksie te sien.

**05-06**

Bid asseblief vir Olimpia, 'n bejaarde vrou wat ons ondersteun, wat onlangs geval het en gesondheidsprobleme ervaar. Bid vir haar vertroosting, voortgesette behandeling en volkome herstel.

**03-04**

Bid asseblief vir ons sewe nasorgprojekte en sopkombuise regoor Roemenië. Bid dat ons ondersteuning kinders sal help om in die skool te bly en hul praktiese behoeftes te vervul.

**07-08**

Sonder ons koördineerders sou ons werk nie moontlik wees nie. Bid asseblief vir ons dertien koördineerders oor hierdie besige Kersperiode terwyl hulle organiseer, en ons gemeenskappe besoek en ondersteun.

## “Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.”

I JOHANNES 4:19

# DESEMBER

# ROEMENIË

**09-10**

Bid asb vir ons Operasie Kersliefde-veldtog terwyl ons voortgaan om 7,000 bokse van hoop aan ons gemeenskappe af te lewer asook spesiale Kersgeskenke aan die kinders uit te deel.

**11-12**

Bid asb saam met ons vir gesinne wat sukkel om hierdie winter vir hul kinders te sorg. Bid asb dat die ouers stabiele werk sal kan bekom om vir hul gesinne te sorg.

**13-14**

Bid asseblief vir ons 233 vrywilligers wat ons help om ons Kersvieringe te fasiliteer. Ons is dankbaar vir hulle passie en begeerte om God se liefde deur hul dade te wys.

**15-16**

Bid asseblief vir ons Winterreddingsprojek, wat brandhout aan gesinne voorsien wat nie die middele het om brandstof te koop om hul huise gedurende die winter warm te hou nie.

# DESEMBER

## ALBANIË




OCL, Albanië

**17-18**

Bid asseblief vir ons universiteitstudente terwyl hulle hul eerste semester afsluit. Bid vir wysheid, toewyding en leiding terwyl hulle met hul studies voortgaan.

**19-20**

Bid asb vir die bejaardes wat ons ondersteun en wat dikwels geïsoleerd voel gedurende die wintermaande. Bid dat hulle warmte, gemeenskap en liefde sal voel, veral gedurende hierdie Kerstyd.

**21-22**

Bid asb vir beide die genesing en emosionele herstel van die individue wat ons hierdie Kersfees ondersteun.

# DESEMBER

## ALBANIË

**23-24**

Bid asseblief vir ons Operasie Kersliefde-veldtog, waardeur ons voedselbokse versprei wat gesinne en individue materieel, geestelik en emosioneel ondersteun.

**25-26**

Terwyl ons Kersfees vier, bid asb vir die gesinne wat ons ondersteun. Bid dat die boodskappe wat hulle gehoor het, die geskenke wat hulle ontvang het en die liefde wat aan hulle bewys is, tot lewensverandering sal lei.

**27-28**

Bid asb saam met ons vir ons vrywilligers regoor Albanië, vir krag, eenheid, verkwikking en vreugde terwyl hulle ons gemeenskappe heelhartig dien.

**29-30**

Gedurende die winterperiode plaas ernstige weerstoestande en oorstromings baie gesinne in gevaar. Bid asseblief vir beskerming en dat hulpbronne beskikbaar sal wees om die wat geraak is te ondersteun.

**31**

Ons is dankbaar vir elke skenker en borg wie se ondersteuning ons in staat stel om kinders, gesinne en bejaardes te help. Dit beteken dat ons werk in 2026 en daarna kan voortgaan om te groei.




Elvedin, Adin en Senad,
Bosnië en Herzegowina

# BLY IN KONTAK

## ONS VISIE

Lewens wat oor generasies heen verander word, met hoop vir die toekoms.

[WWW.MWB-SA.ORG](http://www.mwb-sa.org)

## KONTAK ONS

T: +27 79 826 3630

A: Southdowns Ridge Office Park, John Vorsterrylaan, Centurion, Pretoria, 0062

E: mwbsa@mwbi.org